Terwyl ons by hierdie dokument is, kom ons maak sommer hierdie stuk klaar van die National Convention. Stem u saam met die res wat gesê word oor die eise van ŉ nasionale konvensie? -- Ek verstaan wat daar gesê word. Dit is vir my moeilik om vir u te sê of ek daarmee saamstem of nie want ek sal dit ŉ bietjie moeilik vind om dit in dieselfde woorde te kan sê soos dit daar gesê word. Met ander woorde, ek sou dit nie in hierdie woorde gestel het nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kom ek vra u eers so. Stem u saam dat wat hier uiteengesit is in paragrawe 1 tot 6 is AZAPO se beleid? -- Ek is nie seker dat dit die beleid is nie, alhoewel ek daarvan bewus is dat die idees wat bevat word in hierdie sub-paragrawe bestaan. Ek kan net nie sê of dit nou korrek is of nie.

HOF : Kan ons nou net kyk wat hier staan. Hier staan dat "Congress must be reminded of previous decision on the question of the national convention." Dan staan daar verder "Our organisation is still uncompromising on its precondition for such a convention." Dus dit wil dus voorkom as ek die dokument korrek lees dat die kongres alreeds ŉ besluit geneem het oor ŉ nasionale konvensie en dat hierdie besluit hier weergegee word en hierdie ses punte die voorwaardes vir ŉ nasionale konvensie is.-- Ja, dit is wat dit beteken.

MNR. FICK : En u het nooit enige stukke gekry om te sê hierdie uiteensetting was verkeerd gewees nie? -- Nee.

Sub-paragraaf 1 dan weer. Wat word bedoel met die woorde "complete power"? -- Wat ek daarby verstaan is dat die uitslag van die National Convention sal met die nuwe regering uitkom.

Nee, wag, wag, wag. Hier word uitdruklik gesê dat "the national convention should be about means of transferring complete power"? -- Ja, dit is wat ek sê.

En die "complete power", wat is dit? -- Dat dit beteken dat daardie regering wat aangebring sal word, sal die volle reg hê.

En daardie regering kan net die "indigenous owner" wees, is dit reg? -- Nee, maar die laaste woorde daar verstaan ek op ŉ ander manier en nie soos u dit nou stel nie. Ek verstaan dit op hierdie manier, dat dit beteken die

Swartmense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Swartmense is meer in getal as enige ander ras in hierdie land. Met ander woorde, die idee van die Swartmense sal meer populêr wees in die land waar hierdie magte oorgedra is aan sulke persone. Byvoorbeeld die meerderheid van die mense tussen die Swartmense beskou mnr. Mandela as die leier van die Swartmense. Byvoorbeeld as daar nou verkiesings gehou word vir president, hy sal deur die meerderheid gekies word wat dan kan veroorsaak dat hy die pos van 'n president moet beklee. Om so te sê sal ek dit so vertolk dat die idee van ons het hierdie verkiesing domineer.

Ondersteun u ook die idee van Nelson Mandela as die leier van die Swartman? -- Ja, ek ondersteun dit.

Is dit waarvoor AZAPO hom onder andere beywer? -- Nee, dit is nie.

Verstaan ek u dan verder reg dat volgens sub-paragraaf 2 beywer AZAPO hom daarvoor dat alle persone wat verban is, wat veroordeel is, ook mense wat vir dade van sabotasie, vrygelaat word? -- Hier praat die persoon van "political prisoners". Ek neem aan dit is duidelik wat die persoon daar sê.

Sê u vir ons wat is duidelik? Wat is 'n "political prisoner"? -- Hulle is die gevangenes wat in hegtenis geneem is vir politieke bedrywighede.

En terroriste? -- As hulle ook in hegtenis geneem was weens die politieke bedrywighede, word hulle ook daar ingesluit.

Wat is die ANC en PAC se terroriste? Wat noem u hulle? -- Ek sê dan so, volgens die punt wat daar genoem word. As hulle ook in hegtenis in gevangenisse geplaas word, moet hulle ook vrygelaat word.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Ek wil net iets aan u stel. As ek paragraaf 2 korrek lees wil dit vir my voorkom asof die "authentic leaders of Azania" die volgende persone is "political prisoners, the banned, the banished, the exiled." Is dit die standpunt van AZAPO? -- Dat die persone "authentic leaders" is?

Ja? -- Nee.

MNR. FICK : Maar wat verstaan u dan onder daardie sin? -- Wat ek daar onder verstaan is dat die persoon se boodskap is dat al hierdie mense moet vrygelaat word, dat hulle teenwoordig kan wees sodat dit duidelik kan wees wie die leiers is van die mense.

Sub-paragraaf 4 erken AZAPO die ANC, die PAC, die Black People's Convention as verteenwoordigers van die Swartman? -- Nee, maar die persoon praat hierso van "historical organisations", dat hulle teenwoordig moet wees. Dit is hoe ek dit verstaan.

Maar nou vra ek u, erken AZAPO, die ANC, die PAC, die BPC en dan die BCMA as verteenwoordigers van die Swartman? -- Die persoon sê hierdie organisasies behoort teenwoordig te wees by die verteenwoordigers van die Swartman of die Swartmense want hulle is tans nie hier nie, hulle sal ook in die land moet wees as verteenwoordigers.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Waarvoor staan BCMA? -- Nee, ek weet nie.

MNR. FICK : Kom ek vra u nog een maal. Erken AZAPO die ANC, die BPC en die PAC as die verteenwoordigers van die Swartman in die RSA? -- Miskien verstaan en nie u vraag mooi nie. Erken AZAPO die verteenwoordigers van die Swartman waar?

Erken AZAPO dat die ANC, die PAC, die BPC die verteenwoordigers van die Swartman in die Republiek is?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Maar ek dink die vraag van die getuie is ħ gewettigde vraag. Ons het hier te doen met ħ National Convention. Praat u nou van ħ National Convention of praat u van ħ ander geleentheid? ħ Mens is tog nie ħ verteenwoordiger in die algemeen nie. Jy verteenwoordig iemand tog êrens by ħ sekere plek of in ħ sekere opsig. As u praat van leiers is dit iets anders, maar ons praat nou van verteenwoordigers.

MNR. FICK : Ek sal dit dan herformuleer. Erken AZAPO die PAC, die ANC en die BPC as die leiers van die Swartman in Suid-Afrika? -- Ek het nog nie gehoor dat AZAPO dit sê nie, maar wat ek wel van weet is dat in AZAPO waar ek betrokke is, is ons besig met AZAPO en as daar verwysing gemaak moet word na hierdie organisasies, dan word daar verwysing gemaak na hierdie organisasies as "historical organisations." Net in daardie sin kan daar verwysing gemaak word na hulle.

HOF : Maar hulle is tog nie histories nie, hulle is bestaand. Dit is nie soos ħ ding wat uitgesterf het nie. -- Dit is heeltemal reg, maar AZAPO is ħ wettige organisasie in die land en hierdie organisasies waarvan ons praat bestaan nie in die land nie. So AZAPO verwys na hulle as histories omdat hulle nie meer in die land bestaan nie. Hulle is buite die land.

MNR. FICK : Maar wat is AZAPO se standpunt omtrent hulle behalwe om te sê hulle is ħ historiese organisasie? Erken AZAPO dat die organisasies, dit is die ANC, die PAC die Swartmense in die Republiek verteenwoordig en hulle leiers is? -- Dit erken die rol wat hulle gespeel het in die geskiedenis van die Swartmense van Suid-Afrika. Dit is tydens hulle nog wettig was om te bestaan in hierdie land.

Maar die ANC en die PAC bestaan. Stem u daarmee saam?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ek hoor so. Ek stem saam dat hulle bestaan.

Wat is AZAPO se houding met betrekking tot hierdie twee organisasies? Word hulle erken as die leiers van die Swartmense in die Republiek? -- Ek verstaan nie die vraag nie, want AZAPO bestaan in hierdie land en AZAPO het sy doen en late in hierdie land en AZAPO het net dit wat betrekking het op AZAPO mee te doen. Dat AZAPO nou verder as die geskiedenis van die twee organisasies wat na verwys word, hoekom dit moet gebeur weet ek nie, want AZAPO weet nie eers wat die beleid van elk van hierdie organisasies was nie. Volgens my kennis bestaan hierdie twee organisasies buite die land.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

MNR. FICK : Al die beskuldigdes is op die oomblik hier.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Hlomoka, paragraaf 5 van dieselfde bewysstuk nog - is dit AZAPO se beleid dat die terroriste wat die land inkom oor die grense moet nie teen opgetree word nie? -- Ek weet nie. Volgens wat ek verstaan hier geskryf staan is dat hierdie persoon verduidelik hoe dit gekom het dat ander persone besluit het op die neem van wapens en wat ek natuurlik nie aanmoedig nie, is die aanval van ander lande buite die grens van ons land.

Nee, kyk, volgens die stukke hier is "our organisation is still uncompromising in its precondition for such a convention." Met ander woorde, hier word gesê dit is 'n voorvereiste vir die nasionale konvensie dat AZAPO vereis dat "the attack on our brothers on the borders should come to an end." U het reeds vantevore gesê hierdie is nou AZAPO

beleid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beleid? -- Wat ek verstaan hier is dat dit is 'n bekende feit dat Suid-Afrika aanvalle loods teen die naburige state, met die oog daarop om die persone wat die land verlaat het, dit wil sê Suid-Afrika verlaat het om wapens te gaan verkry op te spoor. So, die persoon praat teen die aanmoediging daarvan dat dit nie so aangemoedig moet word nie.

Ek sukkel om u te verstaan in die opsig, wil u nie hê die veiligheidsmagte moet optree teen die mense wat wapens gekry het om die land weer in te kom nie? Om die burgers aan te val? -- As u die paragraaf volledig lees en nie stukkies daarvan uitlees nie, sal u die boodskap soos volg verstaan, dat die kongres hierdie resolusie geneem het dat daar opgehou moet word met die optrede teenoor die mense wat die wapens gaan kry het want dit was veroorsaak deur die apartheid, met die gevolg, as apartheid gestop word, met die beëindiging van die apartheid sal daar nie 'n probleem vir mense wees om uit te gaan om wapens te gaan kry nie. Met die gevolg, selfs die mense wat uit die land uitgegaan het, om wapens te gaan verkry, moet ook stop om dit te doen.

Dit staan natuurlik nie hier wat u nou sê nie, nè? Dit is 'n voorvereiste vir die nasionale konvensie dat dié wat hulle self bewapen het moet ophou daarmee? -- Dit is nie so geskryf nie, maar dit is wat ek verstaan staan in hierdie paragraaf wat na verwys word.

HOF : Ek wil net iets aan u stel en u kommentaar daarop hê. As 'n mens nou prakties dink, maak hierdie ses voorvereistes wat hier gestel word vir 'n nasionale konvensie nie inderdaad die hou van 'n nasionale konvensie onmoontlik nie? -- Nee, die National Convention kan nog voortgaan met hierdie voorvereistes.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Maar volgens ek dit lees, moet die grond eers aan die "indigenous owners" gegee word - nee, wag, ek lees dit verkeerd, moet dit wees om 'n manier te vind om die grond aan die "indigenous owners" te gee. Dink u dit is prakties? -- Dit is nie wat ek verstaan dat dit op hierdie manier gedoen word wat gesê word nie. Kyk, hier is die grond, julle kan die grond vat. Nee, wat ek verstaan daarby is dat dit sal wees as gevolg van die National Convention se beslissing dat dit besluit moet word as gevolg van die getal van mense en as gevolg van die oorreding van mense op die konvensie dat dit sal plaasvind. Byvoorbeeld ons het nie grond nie. Met die gevolg is, ons het nie politieke regte of magte nie. As ons dit bekom het, sal ons dan in staat wees as gevolg van die getal om dan die grond te bekom. Byvoorbeeld, soos ek alreeds gesê het, ons het nie die grond nie. ons het nie politieke regte nie, maar ons het deelname aan die National Convention en dit sal maak dat ons daardie regte moet hê, met die gevolg dat dit ons in staat sal stel om dan die grond te hê.

Dit wat u sê kan net gebeur as die nasionale konvensie gehou word op die basis van verteenwoordigers wat op die basis van een man, een stem gekies is, sodat die verteenwoordigers van die "indigenous owners" al die ander kan uitstem. In praktiese terme, is dit 'n realiteit wat 'n mens kan nastreef op 'n vreedsame wyse? -- Ja.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Kan ek net iets vra wat nie vir my duidelik is nie. Die "indigenous owners", sluit baie beslis nie die Witmense in nie? -- Ek neem aan dit is gestel op die South African Context. Die Witmense het plek in Suid-Afrika. Ons het net 13% daarvan.

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Nee, dit verstaan ek en ek het groot simpatie daarmee, dit is nie die punt nie. Die punt is dit, wat hier staan is dat die "indigenous owners" wat u vir ons sê is die Swartmense, hulle moet besit kry van die grond in die land. -- Ja, maar kyk, u moet my verstaan. Wat ek sê is nie dat hulle nou die grond sommer ontneem en die grond eien vir hulle self nie, dat die ander mense nie plek het op die grond nie. Dit is nie wat ek sê nie.

Ja, maar hoe sien u dit? -- Ek sien dit kom as ŉ uitslag van hierdie National Convention waar die mense op gelyke vlak sal staan na die bestaan van die nuwe regering.

HOF : Hoe kom daar ŉ nuwe regering? -- Dit is omdat ek daaraan glo dat by die National Convention sal daar ŉ nuwe regering gestig word.

En hoe gaan die regering wat by die National Convention gestig is die regeermag kry? -- Dit sal die regeermag hê want dit sal wees die regering wat gekies is.

So, hy kry dit by die National Convention? -- U het gepraat van die regeermag, die mag om te regeer. Miskien verstaan ek dit nie mooi nie. Is ek reg dat die regering word gekies en die kiesers van die regering is dan die persone wat die mag gee?

Ja, dit is heeltemal reg. -- Ja.

Wat ek aan u wil stel is dit, kortliks en kragtig. Paragraaf 1 daar op bladsy 38 in praktiese terme sluit deelname van die Blankes aan die nasionale konvensie waarskynlik uit omdat die konvensie moet gaan oor die neem van die grond. Is daardie veronderstelling korrek of nie? -- Nee, dit is nie korrek nie.

Voorsien u dat die Blankes sal deelneem aan ŉ

nasionale/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nasionale konvensie waar dit gaan oor metodes om die grond in die land aan die "indigenous owners" te gee? -- Wat ek hier sien is dat die Witmense is die mense wat tans besig is met die regeer van die land en in hierdie regering van hulle, het hulle aan hulle self ꞌn groot gedeelte van die grond toegeken. Met hierdie regering wat gestig gaan word sal daar toegesien word dat almal bevoordeel word in hierdie regering, in die sin dat hierdie regering sal moet toesien dat almal genoegsame grond grond.

Die Wittes ook? -- Ja.

Staan dit in paragraaf 1? -- Nee, maar die Witmense het mos al die grond. Die enigste mense wat nie die grond het nie, is ons.

MR BIZOS : May I just by way of suggestion, it is not an objection to any of the questions that have been asked, but perhaps if one looks at sub-paragraph 6 and reads that together with the others, it may lead to some understanding of what the witness is trying to say.

COURT : May be I could ask him about 6, because that was not clear to me either. Lees ꞌn bietjie paragraaf 6 vir uself. Wat verstaan u onder "no negotiation between non-equals"? Ek kan begryp dat daar ongelykheid is. Hoe verwag u dat daar ꞌn nasionale konvensie moet wees met as voorvereiste dat almal eers gelyk gestel moet word? Moet die gelykstellingsproses nie juis deur die nasionale konvensie uiteindelik bewerkstellig word nie? -- Ja, u is reg met dit wat u gevra het. Waarvan ek hier praat in my antwoord is dat die mense wat nie gelyk is nie, moet eers gelyk gemaak word. Dit sal bereik word deur die National Convention. Na dit, dat die mense gelyk gemaak is in die sin, soos ek gesê het, die

Blankes/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Blankes het die grond, ons het nog nie die grond nie, sal die mense met mekaar kan praat in die sin dat ons nou ook grond sal hê. Dit wil sê ons staan gelyk. Ons sal nou gelyk wees. Dit is wat ek na verwys het in my antwoord.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe word die gelykmaking gedoen? Watter proses word gebruik? -- Dit sal wees vir die persone in die regering wat tans besig is om die plek te regeer om te besluit hoe om dit te bewerkstellig.

Met of sonder konsultasie met die mense in die land, al die mense? -- Ek neem aan daar sal ꞌn ooreenstemming wees van wat gedoen moet word.

HOF : ꞌn Ooreenstemming of ꞌn samespraak? -- Wat ek verstaan hier is dat die persoon sê die nasionale konvensie sal ꞌn manier wees om dit te bereik. Dit wil sê dit sal ꞌn manier wees om die gelykmaking te bereik. Na die ooreenstemming in die sin dat daar ꞌn regering gekies is, sal die kiesers die mandaat moet gee aan hierdie gekose regering hoe dit gedoen moet word.

Dit is ꞌn onmoontlike verduideliking, wil ek aan u stel. Of die verduideliking is onmoontlik of die dokument stel ꞌn onmoontlike voorwaarde. Ek stel vir u verduidelik waarom. Daar kan geen konvensie wees as almal nie gelyk is nie en u sê die konvensie moet juis die gelykstelling skep. Dus dit lyk my dit is ꞌn dooie punt. -- Nee, wat ek gesê het is, die konvensie is die manier van die gelykheid aan te bring, dat dit geskep moet word deur die konvensie.

MNR. FICK : Ek het een ander groot probleem met u. Die voorvereiste vir die konvensie is dat daar net gepraat moet word oor die oordrag van "complete power" en die oordrag van die land na die "indigenous owners" toe. Met ander woorde,

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar word nie gepraat of dit oorgedra gaan word nie. Dit staan vas, dit gaan oorgedra word. Die vraag is net, hoe, waar en wanneer. Dink u werklik dat byvoorbeeld die regering van daardie tyd sal instem tot so iets prakties? -- Ek het die hoop dat dit vir die regering sal wees wat die land regeer op daardie tydstip om die inwoners of die burgers van die land tevrede te stel. (Die woord deur die getuie gebruik is dubbelsinnig in die sin dit sal vir die goewerment wees of vir die regering wees om te besef wat die probleme is om voorkom te word deur die regering of dit sal vir die regering wees om te besef hoe ŉ moeilike toedrag van sake dit is wat geskep word om dit te kan bewerkstellig.om vrede te kry.

Dan die tweede sub-paragraaf, dink u werklik die regering van daardie dag, wanneer dit ook al gebeur, sal vrywillig al die politieke gevangenes, al die mense wat verban is weens hulle onwettige bedrywighede, mense wat in die gevangenisse sit weens dade van terreur, sabotasie, sal vrylaat onvoorwaardelik? -- Ek neem aan dit sal nie beteken dat die regering nou besig is om vir die mense te laat verstaan dat wat die mense gedoen het wat veroorsaak het dat hulle in die tronke moet beland of verban moet word, die regte dinge is nie, maar met die oog op die "reconcilation".

Ek stel aan u, prakties is daar net een manier hoe hierdie voorvereistes van die National Convention bewerkstellig kan word en dit is deur middel van ŉ rewolusie om die regering te dwing om daaraan te voldoen? -- Dit is nie my siening daarvan nie. Ek het die hoop dat hierdie verandering aangebring sal word sonder enige rewolusie en my organisasie is nie ŉ organisasie wat geweld gebruik nie. Selfs die mense wat ek ken sal nie aan geweld deelneem om dit

oor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

oor te dra nie.

Ons sal terugkom daarnatoe. Ek wil dan met u teruggaan na die vergadering wat u bygewoon het in 1980 in Maart wat aanleiding gegee het tot u lidmaatskap uiteindelik van AZAPO. U het vir die Hof gesê daar was sekere sprekers, onder andere Kehla Mthembu, ons weet nou wie is hy. -- Ja.

K705 Letsatsi Mosala wat u sê was die nasionale organiseerder van AZAPO gewees? -- Ja.

Dan het u ŉ man genoem Jefferson Khotso Lengane? -- Ja.

Hy is van AZASUM. Is dit reg? -- Nee.

Was hy nie die president van AZASUM op een of ander stadium nie? -- Nee.

Van watter organisasie is hy lid? -- Hy was AZAPO.

Van die hoofbestuur van AZAPO, van die nasionale bestuur? -- Nee, hy was by die tak van Soweto.

Dan het u ook gepraat van ŉ persoon met die naam van Thomas Nkiwane. -- Ja.

Wat was sy verbintenis met AZAPO indien enige? -- Nee, daar was geen verband tussen hom en AZAPO nie.

Het hy namens ŉ organisasie gepraat op die betrokke vergadering? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. As ek nie ŉ fout maak nie was hy van AZASO gewees. Ek praat onder korreksie, maar hy was van ŉ organisasie gewees.

Op daardie stadium in 1980 was AZASO ŉ Swartbewussyns-organisasie? -- Ek dink amper so. Ek sê dit nie met sekerheid nie.

Ek dink u het een spreker vergeet wat op die vergadering gepraat het. -- U kan my herinner aan hom.

Curtis Nkondo? -- Ja, dit is so.

Hy was toe nog Swartbewussyn georiënteerd. Is dit reg?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Nee, destyds was hy geskors van AZAPO.

Ek wil dit net duidelik kry, dit is dieselfde man wat later by UDF - hy was later UDF georiënteerd? -- Ek hoop so, ja.

Waaroor was hy geskors op daardie stadium? -- Nee, ek weet nie.

Kom ek sê vir u waaroor Curtis Nkondo gepraat het, dan kyk ons of u kan onthou. Hy het ook gepraat oor die Swartmense wat moet verenig? -- Ja, die meeste van die mense het daarvan gepraat. Eintlik was dit die hoof ding wat baie aangemoedig was by hierdie vergadering.

En Curtis Nkondo het ook gepraat met die gehoor en gesê dit is belangrik in die stryd dat die Swartman sy vyand sal ken en hom behoorlik sal analiseer? -- Dit is moontlik dat hy dit gesê het, maar ek kan dit nie meer onthou nie.

Het hy van die Swartman se vyand gepraat? -- Ek kan nie op hierdie huidige oomblik onthou nie. Ek is dus nie in staat om vir die Hof te sê of dit gesê was of nie.

In AZAPO word daar geleer dat daar vyande is van die Swartman? -- Daar word gepraat van ŉ vyand van wat ŉ Swartman verlang.

Ek verstaan nie wat u nou sê nie. Die vyand, word hy geïdentifiseer as iemand of iets? -- Die vyand word beskou as die beleid van die apartheid.

Daarby ingesluit die Staat met sy Staatstrukture as die vyand? -- Nee.

Wat was julle op hierdie vergadering van Maart 1984 vertel waarteen moes julle verenig, die Swartman? Waarteen moes hy verenig?

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Is ons nou weg van Curtis Nkondo

af/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

af?

MNR. FICK : Dit is nog dieselfde vergadering. -- Ons moes verenig het teen dié wat veroorsaak dat ons nie ons verlange kan bereik nie.

Wie is die hulle? -- Ek praat van ons, as ons dit nou in die praktyk doen na ek by AZAPO aangesluit het by hierdie vergadering. Dit wil sê ek praat van ons in AZAPO.

Maar jy sê julle moet verenig teen hulle. Wie is die hulle? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Teen wie moes u dan verenig? -- Teen die apartheid wat die ander onderdruk. Dit is wat ons teen moet verenig.

Was daar nie aan julle verduidelik wat bedoel word met hierdie apartheid nie? -- Ons weet wat dit is.

Wat is dit? Die apartheid? -- Dit is die apartheid sê my huis is in Zoeloeland. Die apartheid wat sê my kind kan nie skool gaan in Vanderbijlpark as ek in Sebokeng woon nie. Die apartheid wat sê my kind kan nie na 'n hospitaal gaan waar die kind hulp kan kry nie, in plaas daarvan moet die kind na Sebokeng se hospitaal gaan, wat die enigste hospitaal is vir die diens wat gelewer moet word vir so 'n groot woonbuurt. Die apartheid wat sê ek het nie die mag om 'n persoon te kies wat vir my kan staan nie.

Ja, maar die apartheid sê dit nie self nie. Dit is 'n aparte ding. Is daar nie vir julle gesê teen wat van die apartheid moet julle verenig om die apartheid weg te kry nie? -- Die AZAPO is die organisasie wat teen die apartheid veg.

Het hulle nie vir julle gesê die apartheid word veroorsaak deur hierdie bestuurstruktuur en deur hierdie regeringsliggaam, ons moet teen hulle verenig nie? -- Nee, die mense gaan na hierdie apartheid toe en dit bestaan alreeds. So, met

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ander woorde, ons het die apartheid self bespreek en nie die mense wat by die apartheid aansluit wat alreeds bestaan nie.

Is daar op hierdie vergadering nie vir julle gesê "Kyk, gemeenskapsrade, Swart plaaslike besture, polisiemanne wat die groepsgebiedewet toepas, ons moet teen hulle verenig. Dit is hulle wat hierdie beginsels toepas" nie? -- Nee, ons het dit nie bespreek nie.

Wat het u verstaan wat moet teen verenig word as hulle praat van apartheid? Het u dit ingesien as teen sekere persone, sekere liggame of hoe het u dit gesien? -- Wat ek verstaan het was dat ons moet weet wat apartheid is en apartheid is dit wat ek nou net verduidelik het en dat ons nie moet toelaat om gebruik te word ter voortsetting van die apartheid nie.

Hierdie betrokke herdenkingsdiens, u het na die diens agtergebly omdat u by AZAPO wou aansluit in Maart 1980? -- Dit is so.

En u sê op daardie stadium is die doelstellings van AZAPO aan u verduidelik? -- Dit is so.

Ek wil hê u moet kyk na <u>BEWYSSTUK B1</u>. As u vier bladsye blaai dan kom u by - hy is genommer bladsy 3. -- Ja, ek het dit.

Hierdie dokument is by u gevind? -- Dit is so.

Waar en wanneer het u hierdie dokument bekom? Dit is die konstitusie en die beleid van AZAPO. -- Hierdie een wat in my besit gevind was wat ek nou net erken het as 'n dokument wat by my gevind was, het ek in die jaar 1983 bekom, maar ek het alreeds die grondwet van AZAPO in my besit gehad sedert die jaar 1980 wat dieselfde bevat het as hierdie

dokument/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dokument wat ek nou net erken het as ŉ dokument wat in my besit gevind was.

U het hierdie dokument bestudeer seker? -- Ja, ek het dit bestudeer.

En is dit hierdie artikel 2 op bladsy 3 van BEWYSSTUK B1 wat aan u verduidelik was na hierdie vergadering in Maart 1980?

HOF : Artikel 2 of afdeling 2?

MNR. FICK : Afdeling 2? -- Ja.

Wat is aan u verduidelik oor punt nr. 1 dat dit die doelstelling van AZAPO is "to conscientise, politicise and mobilise Black workers"? -- "Conscientise" is om ŉ persoon bewus te maak van die feite van die lewe. "Politicise" is om te praat van daardie feite. "To mobilise" is om te reageer op daardie feite.

Het hy aan u verduidelik wat bedoel hy hoe moet die mense reageer? -- Ja, dit was aan my verduidelik.

Hoe was dit aan u verduidelik? -- Dit is om te reageer op ŉ georganiseerde manier soos die organisasie van AZAPO. Ons reageer op daardie feite van die lewe wat ons affekteer in die land.

Is aan u verduidelik dat hierdie reageer op ŉ georganiseerde manier word bedoel julle moet as ŉ verenigde groep reageer? Dit is mobiliseer? -- Wat is die vraag?

Is aan u verduidelik om te reageer volgens of op ŉ georganiseerde manier word bedoel julle moet as ŉ verenigde groep optree? -- Ja, ons verenig as gevolg van hierdie algemene feite wat ons affekteer.

Hier word gesê dit is die "Black workers" wat ge"conscientise, politicise and mobilise" moet word. Is dit aan

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

u verduidelik hoekom die Swartwerkers? -- Wat daaromtrent verduidelik was is die volgende dat omdat die Swartmense nie meer land hier het nie, kan hulle nie meer ploeg en ŉ lewe daaruit maak nie. Om ŉ lewe te kan maak, moet hulle die werk van hulle gaan verkoop in die sin dat hulle moet gaan werk met hulle kragte vir iemand anders om te kan leef en dit is die wet wat dit veroorsaak. In daardie sin om daardie rede word Swartmense dan beskou as werkers.

Dan word in dieselfde paragraaf nommer 1 gesê dit is - hierdie mobilisasie is onder andere "to strive for the legitimate rights." Beskou u die, soos ons gesê het in BEWYSSTUK B2 paragraaf 38 - bladsy 38 "transferring complete power" "and the land to the indigenous owners" as die "legitimate rights" van die Swartwerker? -- "Legitimate rights" is vir ŉ persoon om die mag te hê om by te dra op die manier waarop die land waar hy ŉ burger is by te dra vir die regering daarvan.

HOF : By te dra of deel te hê aan? -- Om seggenskap te hê, met ander woorde om verteenwoordig te word. Om die mag te hê dat jy ŉ persoon kan kies wat namens jou sal optree as ŉ verteenwoordiger. Om die mag te hê dat jy kan bly waar jy werk of werk waar jy bly. Dit is wat ek verstaan onder die woorde "legitimate rights."

MNR. FICK : Ek wil oorgaan na paragraaf 2 afdeling 2. Hier staan dit is een van die doelstellings van AZAPO "to work towards the establishment of an educational system that will respond creatively towards the needs of Azanians." Wat is aan u verduidelik omtrent hierdie paragraaf 2? -- Wat aan my oorgedra was aangaande dit was dat die die wens was van die mense vir die estabilisering van ŉ tipe onderwys wat

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die werkers van daardie land bevoordeel in die sin dat hulle iets ten voordele van die burgers sal kan kry.

HOF : Wel, is die huidige onderwyssisteem nie tot voordeel van die mense wat dit bywoon nie? -- Deesdae se onderwys is die tipe onderwys wat besig is met die bevordering van die beleid van die apartheid.

Hoe? -- In die sin dat dit sê sekere mense moet onderwys kry by daardie plek en ander by die ander plek. Met ander woorde, dit is duidelik dat daar ʼn geheim is in die hele onderwys. Daar is sekere dinge wat in die onderwys gegee word aan sekere mense wat nie gegee word aan ander nie.

Bedoel u dat die een ʼn ander soort wetenskap leer as die ander? -- Nee, al kan hulle miskien in dieselfde wetenskap onderwys kry, wat gebeur, is die volgende. Die fasiliteite van die een is beter as die fasiliteite van die ander tipe onderwys. Dit beteken dus dat die ander se onderwys is beter as hierdie een s'n.

Ja, maar dit is nie wat hier staan nie. Wat hier staan is "an educational system that will respond creatively towards the needs of Azanians." Dit staan nie hier dat die onderwyssisteem afgeskeep word wat betref die standaard van onderwysers of die fasiliteite in die klaskamer nie. -- Sulke onderwys is ʼn verpligte onderwys wat vry is. Hierdie soort onderwys sal verpligtend wees tot miskien ʼn sekere standaard wat sal beteken dat in daardie land die onderwys die standaard van lewe sal bevorder of verbeter. Met ander woorde, onderwys sal beskou word as "creative" in daardie land.

MNR. FICK : Hierdie kwessie van "the needs of Azanians", is dit - ek wil nou so bietjie ʼn draai loop - een van AZAPO se doelstellings dat uiteindelik hier ʼn sosialistiese

werkersrepubliek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

werkersrepubliek tot stand moet kom? --Ek stem saam, maar laat ek dit in die regte konteks plaas, as u my toelaat.

Ja? -- Die sosialisme wat ek van praat is dat die regering sal die meeste van die groot "concerns" eien om in staat te kan wees dat dit kan voldoen aan die vry en verpligtende onderwys en nog ander dinge wat dan vir hierdie hele burgers van daardie plek 'n voorbeeld sal wees.

Is dit nie so dat AZAPO eintlik met hierdie paragraaf 2 bedoel dat daar 'n onderwysstelsel ingestel moet word wat moet aanpas by die sosialistiese stelsel nie? -- Nee, as ek praat van 'n voordeel praat ek nie van sosialisme nie. Sosialisme word nie daar betrek nie. Ek praat van 'n voordeel vir die inwoners, dit wil sê die burgers van daardie land wat 'n voordeel gaan kry. Eintlik, toe ek melding gemaak het van sosialisme was dit in antwoord op u vraag. U het sosialisme daar bygebring.

Dit is heeltemal korrek, maar ek vra jou is dit nie wat bedoel word met hierdie paragraaf dat julle wil 'n onderwysstelsel instel wat gerig is op sosialisme nie? -- Nee. My antwoord is nee. Dit is nie 'n tipe onderwys wat eintlik moet inpas by die sosialisme nie, maar dit is 'n tipe onderwys wat dan die benodigdhede van daardie betrokke werkers sal ontmoet.

Ek wil oorgaan na paragraaf 3. Wat is aan u verduidelik ten opsigte van paragraaf 3? -- Dit is om te bevorder die lewe soos dit beskryf word volgens die Bybel.

<u>HOF</u> : Ek weet nie of dit dit beteken nie. Dit lyk vir my eerder as om jou lewe by die Bybel aan te pas, pas jy die Bybel by jou lewe aan? -- Laat ek dit so stel. Ons glo daaraan dat wat in hierdie land plaasvind, is verkeerd. Dit is op

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daardie manier wat die Bybel in die hele ding betrek word.

MNR. FICK : Is dit nie maar net ŉ geval dat julle ook die kerk insleep by die vryheidstryd en sien as een van die liggame of organe wat deel het aan die vryheidstryd van die Swartman nie? -- Ek verstaan u nie. Hoe maak u nou ŉ verskil tussen ŉ persoon wat op soek is na die waarheid in die kerk? In die sin, my verstandhouding van die kerk is dat die kerk is daar vir die waarheid en ons is ook op die spoor van die waarheid wat ons na soek. So, daar is nie ŉ verskil tussen die twee nie.

Dit is nou AZAPO? -- Ja, dit is so, AZAPO.

Dan verstaan ek. Paragraaf 5. Wat is aan u verduidelik oor "to expose the oppressor and exploitative system"? -- Dit is eintlik wat saamgaan met paragraaf nr. 4 dat nadat jy daardie "research" gedoen het, sal jy dan die volgende moet doen.

Hoe is vir julle gesê, hoe moet hierdie "system expose" word? -- Deur te veroorsaak dat ons gevoelens bekend gemaak word of om dit openbaar te maak dat dit bekend word.

Is ek reg as ek sê dat julle moes ondersoek instel, julle moes sekere aspekte ondersoek en dan moes julle dit gaan oordra aan die publiek, dit is in die hof al genoem "day to day issues", probleme en op daardie manier moet die publiek gekry word om te verenig saam met AZAPO? -- Dit is nie so nie.

Wat was die doel gewees om hierdie aspekte te ontbloot? Wat wou julle daarmee maak as julle hulle uitwys? -- As jy nou navorsing doen en vind wat die posisie is oor die feite van die lewe, om te kan vind wat die posisie is, dit is nou na die navorsing, soos byvoorbeeld ŉ sekere tipe wet dat jy

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nou kan sien wat die uitslag sal wees na daardie feite van daardie wet in werking gestel was. Sê byvoorbeeld jy wil hê ꞌn prokureur moet navorsing doen oor ꞌn sekere wet wat in werking gestel gaan word, sal hy daardie wet vertolk. Hy sal eers na die wet moet kyk en aan ons die wet vertolk wat eintlik daardie wet beteken. Na dit gedoen is, sal ons dan na daardie vertolking van hom kyk.

En die doel daarvan is om na die mense toe te gaan en vir die mense te sê wat julle siening is van wat die probleem is sodat julle die mense daardeur kan werf. Is dit reg? -- Nee.

Nou hoekom het julle vir die mense gaan sê wat aangaan? -- Nee, ons doen dit vir die mense - verskoning, ons doen dit saam met die mense. Ons doen dit nie om te gaan gebruik teen die ander mense nie, maar dié rede gebruik ons om dit te doen.

U sê na hierdie vergadering in Maart 1980 toe is u op ꞌn stadium daar na ꞌn persoon met die naam van Kebi Shabangu se huis toe. Is dit reg? -- Dit is so, ja. Dit wil sê ꞌn week daarna is ek na Kebi Shabangu toe.

Die Kebi is die buurman van Lord McCamel. Is dit reg? -- Hy het destyds toe ek hom geken het, naby Lord McCamel gewoon.

<u>HOF</u> : Was hy ꞌn buurman of naby? -- Hy is nie ꞌn buurman nie. Hy is net naby, want hulle woon nie op dieselfde standplaas nie of hy woon nie op ꞌn standplaas wat grens aan McCamel nie.

<u>MNR. FICK</u> : En by hierdie vergadering was die persoon Mosala van AZAPO weer daar? -- Ja.

Het hy julle weer toegespreek? -- Ja, dit is so.

Waaroor het hy julle hierdie keer toegespreek? -- Hy het die grondwet gelees.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die hele grondwet? -- As ek nog reg onthou dink ek so, ja.

Het hy enige kommentaar gelewer oor die grondwet wat hy gelees het of het hy dit net gelees? -- Ja, daar was iets wat baie moeilik gewees het daar in hierdie grondwet, naamlik die werk van AZAPO, wat die beleid is, hoe AZAPO werk. Dit is die struktuur van AZAPO, hoe dit geformuleer is.

Behalwe dit wat hy aan u verduidelik het, het hy enigiets anders aan u verduidelik in verband met AZAPO? -- Ons het baie tyd spandeer hierop. Dit was net hier en daar waar hy ons aangemoedig het met die formulering, dit wil sê die stigting van 'n tak.

Hierdie strukture van AZAPO, is dit die enigste iets wat hy aan julle verduidelik het? -- Nee. Ek kan nie meer onthou nie. Soos ek alreeds gesê het, die meeste van die tyd het hy aan daardie gedeeltes spandeer.

Het julle hom enige vraag gevra oor die beleid van AZAPO of het julle geen vrae gevra nie? -- Ja, ons het.

Het jy vrae gevra? -- Ja.

Het julle enigiets gepraat oor hoe AZAPO beoog om sy doelstellings te bereik? -- Ja, dit is so.

Wat is aan julle verduidelik hoe gaan AZAPO sy doelstellings bereik? -- Dat AZAPO die boikotte sal maak en die protes organiseer en sal organiseer in die aanmoediging van die Swartpersone om nie deel te neem aan die bevordering van die apartheid nie en organiseer om bekend te maak wat die gevoelens is van die persone deur publieke verklarings te maak.

En onderhandelinge met regeringstrukture? --Daaromtrent sê ek dat ons nie 'n deel moet vorm van die bevordering van die apartheid nie.

Is daar met julle gepraat oor die moontlikheid ...

(Hof/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

(Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor hierdie antwoord. Is die standpunt dat as ŉ mens onderhandel met ŉ regeringstruktuur jy inderdaad erkenning daaraan verleen en op daardie manier apartheid bevorder? -- Nee, nie deur met hulle te gaan praat en met hulle te onderhandel in die sin dat jy met hulle gaan praat nie. Dit is nie bevordering van apartheid nie.

MNR. FICK : Wat was AZAPO se standpunt oor hierdie punt? Het Mosala aan julle verduidelik kyk, AZAPO is oop vir onderhandelinge altyd met die regering of strukture waarteen die mense beswaard voel? -- Dit was nie in die program gewees dat dit bespreek moet word wat eintlik die beleid is wat gedoen moet word aangaande die persone wat miskien met die sisteem iets gaan uitvoer het of die mense wat deelneem aan die sisteem iets gaan uitvoer het nie. Wat daar gesê was was die volgende, dat ons nie ŉ deel moet vorm van die masjinerie wat eintlik veroorsaak dat daar ŉ botsing moet ontstaan tussen ons nie.

Nee, maar dit is nou nie die vraag nie. Kyk, aan u is nou verduidelik daar is sekere goed wat AZAPO aan glo om regte te kry van mense. Dit is boikotte, protes organiseer. Is onderhandelinge as een van die maniere om julle regte te kry ook aan julle verduidelik daar? -- Met ons om dit te doen was met die hoop om dit bekend te maak aan die mense wat in die regering is, besig om te regeer dat ons nie met sekere dinge saamstem nie.

HOF : Maar u gee nou nie ŉ antwoord op die vraag nie. Het Mosala onderhandelinge genoem as ŉ manier om regte te kry? -- Hy het melding gemaak van die National Convention.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is dit die enigste onderhandelinge wat hy in gedagte gehad het? -- Dit is wat bespreek was daar en niks anders nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K706 OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons het laas stilgestaan by die punt in verband met die onderhandelings - of onderhandelings aan u genoem is as ʼn manier hoe AZAPO kan help dat die mense hulle regte kry. Toe het u gesê nee, daar is net oor die National Convention gepraat. -- Ja, dit het ek gesê in die sin dat dit vir almal in die land ʼn voorbeeld sal wees. Dit wil sê al die burgers van die land.

Wat is AZAPO - ek praat nie van daardie vergadering nie, tot vandag toe, het u uitgevind wat is AZAPO se beleid in verband met onderhandelings met die regering of regeringstrukture? -- Ek ken AZAPO as ʼn organisasie wat mense aanmoedig om nie ʼn gedeelte of deel te neem in die bevordering van apartheid nie.

Moet ek daarvan verstaan dat dit AZAPO se beleid is, u moet nou reguit vir my sê, dat hy nie glo aan onderhandelinge met die regering of regeringstrukture nie? -- Ek volg u nie. Wat bedoel u eintlik met die onderhandelings, tensy u miskien ʼn voorbeeld vir my gee wat u daarmee bedoel?

Glo AZAPO daarin, is dit sy beleid dat hy sal onderhandel byvoorbeeld oor die Swart plaaslike besture of dat hy nie daardie wet op die wetboek wil hê nie, hy wil nie daardie struktuur hê nie of glo hy net eenvoudig daarin, omdat die ding daar is, nou boikot ek hom, ek hou openbare vergaderings teen die ding, protesaksies teen hom en ek reik verklarings

uit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

uit waarin ek die stelsel kritiseer? -- Ja, dit is so, solank daardie struktuur besig is met die bevordering van die apartheid sal ons maar daardie dinge doen soos deur u nou net genoem.

Dit is julle sal protesaksies hou, julle sal verklarings uitreik waarin julle die ding verdoem en julle sal boikotte reël? -- Ja, dit is so, om ons gevoelens bekend te maak aangaande die struktuur.

Maar julle glo nie in AZAPO aan onderhandelinge met die struktuur wat julle nie mee tevrede is nie? -- Met die struktuur, ek weet nie of ons mekaar verstaan nie, praat ek byvoorbeeld van die BLA, Black Local Authorities. As dit nou beskou moet word as 'n struktuur, dit is die struktuur wat ek van praat. As dit die beleid is van die struktuur om die bevordering uit te voer van die beleid van die apartheid dan sal ons dit organiseer om protes te hou teen die BLA en verklarings te maak teen dit.

HOF : En nie met die struktuur iets te doen wil hê nie? -- Nee, ons wil nie 'n gedeelte daarvan word nie.

MNR. FICK : Daarby sluit u in die onderhandeling. As julle onderhandel, beskou julle dit dat julle deel word daarvan? -- Nee, as ek praat daarvan dat ons nie 'n deel wil word van hierdie struktuur nie, beteken dit dat hierdie struktuur is eintlik die uitslag van die beleid van die apartheid. Met dit bedoel ek dat ons nie deel wil word van apartheid nie.

'n Reguit vraag. Het julle ooit in AZAPO met enige Swart plaaslike besture onderhandel? -- As u nou praat in die sin dat dit beteken dat ons met 'n persoon onderhandel het, wat te doen het met 'n struktuur, het ons nog nie met

so/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

so ʼn persoon gepraat nie. Dit wil sê ek praat van myself as ʼn persoon, het nog nie ʼn onderhandeling gehad met ʼn persoon wat ʼn lid is van ʼn struktuur nie.

Nee, man, antwoord net die vraag, dat ons klaar kry.

HOF : Laat ons dit net duidelik kry. Lid van ʼn struktuur is baie wyd, want ʼn mens kry ʼn bestuurslid van ʼn struktuur of jy kry ʼn doodgewone amptenaar wat sê maar aan die pad kom werk of ʼn pyp kom regmaak in die huis. Jy het seker darem al met mense gepraat wat die pyp in jou huis regmaak? -- Die vraag het ek soos volg verstaan, of AZAPO ooit enige onderhandelings gehad het met die struktuur. Nou, my antwoord op die vraag is, as die vraag gemik is op ʼn persoon wat in die struktuur is, het ons nog nie met so ʼn persoon gepraat nie.

MNR. FICK : Het AZAPO al ooit amptelik met enige amptenaar of minister of verteenwoordiger van die regering gepraat oor byvoorbeeld die Swart plaaslike besture? -- Nee, AZAPO het nooit. Die rede daarvoor is dat omdat die regering nie AZAPO geraadpleeg het voor die instelling van die BLA nie, het AZAPO dit nooit gedoen nie.

En dit is ook nie AZAPO se beleid om met die regering te onderhandel oor byvoorbeeld die Swart plaaslike besture nie? -- AZAPO sê toe die regering met die idee van die BLA, dit is die plaaslike bestuur gekom het, het die regering geen konsultasies uitgevoer met enige ander persoon nie. Die regering het net hierdie plaaslike bestuurregering gebring en gesê "Dit is nou die BLA, hierdie is die magte wat die BLA het, dit wil sê hulle het alreeds besluit wat dit is wat gebring word.

En daarom onderhandel AZAPO nie met die regering nie?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Nee, kyk, AZAPO is mos nie ingesluit in die regering wat besluit het nie. So, met die gevolg daar is geen kanale vir AZAPO om enige onderhandelings uit te voer met die regering nie.

Dit wat u gesê het ten opsigte van AZAPO ten aansien van die Swart plaaslike besture, geld ten opsigte van die hele regering se beleid van apartheid soos u dit beskryf, die kwessie van die feit dat u nie kan gaan bly waar u wil nie, u kind kan nie gaan skoolgaan waar sy wil nie, sy kan nie hospitaal toe gaan waar sy wil nie. Is dit die houding van AZAPO ten opsigte van die hele beleid van AZAPO, dat hulle nie deel gehad het aan daardie instellings en daardie prosedure nie en daarom onderhandel hy nie met die regering nie? -- Nee, dit is nie AZAPO wat nie wil onderhandel deur enige gesprekke uit te voer met die regering nie. Dit is die regering wat dit geweier het deur nie Swartmense toe te laat in die parlement waar die wet gemaak word, dat hulle ook daar kan deelneem nie.

Ons kan baie vinniger gaan as dit, regtig. Kyk, die feit van die saak is, aan die een kant is daar AZAPO, hy bestaan. Aan die ander kant is daar AZAPO, hy bestaan. Is AZAPO bereid om met die regering te onderhandel oor apartheid? -- Nee, ek verstaan nie u vraag nie. Kyk, AZAPO het ontstaan as gevolg van die feit dat daar apartheid was. As die apartheid nie bestaan het nie, dan sou 'n mens nie AZAPO gevind het nie. Dan sou dit nie bestaan het nie.

Ek gaan nog een keer vir u vra en as u vir my dieselfde antwoord gee, gaan ek aan die Hof betoog dat u wil nie antwoord nie. So, ek gee vir u 'n laaste kans. Is dit AZAPO se beleid nou, heden, was dit die beleid van sy stigting

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

om met die regering te onderhandel of het hy geweier? Is dit nie deel van sy beleid nie?

MR BIZOS : Is "oor apartheid" dropped from the question now?

COURT : Yes, you listen to the question as it is put now. -- Nee, dit is nie so nie.

Wat is dan die werklike posisie? -- Kyk, AZAPO as ŉ organisasie is eintlik ŉ organisasie wat nasionaal is orals in die land. Hoekom AZAPO bestaan het was om die mense te verenig met die oog daarop om dit duidelik te maak aan die regering dat ons eintlik ook wens om te bestaan en ook om deel te vorm van die regering.

MNR. FICK : Erken AZAPO die regering as wettig - die wettige regering van die land? -- Ja, dit is ŉ wettige regering.

U het vroeër ook vir die Hof gesê in hoofgetuienis dat hier is spesifiek vrae gevra by Kebi Shabangu se huis in 1980 oor die kwessie van geweld. Wat is gevra oor geweld by hierdie vergadering in 1980 by Kebi Shabangu se huis? -- Die vraag wat gestel was, wat dink AZAPO wat is die gedagte, hoe sal ons by die wense van die mense uitkom.

HOF : Die wense synde? -- Om lekker te leef en aanvaar te word in die land.

Hoe koppel u dit aan geweld? -- Die vraag was eintlik hoe sal daar gewerk word om die probleme en die klagtes van die mense, die griewe uit die weg te kry, dat hulle nie meer bestaan nie. Die antwoord op die vraag was dat ons sal dit bereik deur bekend te maak aan die regering dat dit die griewe is, dat ons nie tevrede is met sekere dinge nie, naamlik dit wat genoem sal word.

MNR. FICK : Hoe koppel u dit nou aan geweld? -- Daar bestaan mos sulke organisasies wat geweld gebruik en hulle was

verban/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verban.

Was dit al antwoord wat u gekry het wat gegee was op die vraag hoe die doel bereik gaan word van AZAPO? -- Ja, dit is so, dat ons proteste gaan hou, openbare verklarings gaan maak, organisering van boikotte en voortgaan met die versterking van ons organisasie.

U het vanoggend tydens kruisverhoor se begin gepraat oor geweld en AZAPO se houding daaroor. Kan vir die Hof sê as wat sien AZAPO sy stryd, is dit 'n rewolusie wat hy in is? -- Nee, AZAPO wil hê daar moet 'n totale verandering plaasvind. Dit sluit nie geweld in nie.

Noem AZAPO sy stryd 'n rewolusie? -- AZAPO sê hulle verwag 'n totale verandering. Ek verstaan dit as rewolusie, want jy verander heeltemal en verskuif van waar jy was oorspronklik.

U het vanoggend vir die Hof probeer duidelik maak hierso dat AZAPO glo nie in geweld nie? -- Dit is so.

Ek gaan nou 'n paar dokumente in dié verband aan u stel en vir u kommentaar vra. Eerstens, BEWYSSTUK B2 wat by u gevind is. Hier op bladsy 7 van BEWYSSTUK B2 daar in die middel van die bladsy wil ek vir u 'n stuk lees en dan sê u vir my hoe verstaan u dit.

HOF : Net vir duidelikheid van die rekord dan moet u net inlees dat die opskrif van die dokument is "Mobilise and consolidate, liberatory efforts of the oppressed masses" dit is van die derde kongres in Februarie 1983.

MNR. FICK : Dit is gelewer deur Munthu Myeza? -- Ja, volgens die dokument voor my.

Hiervolgens, in die middel van die bladsy staan "Our opponents are in the habit of asking whether the means we seek to employ in our request for freedom, are violent

or/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

or peaceful means. Rightfully, such questions belong to the place like John Vorster Square, Compol Building and other such dens of human suffering. If this question of peaceful means has to be answered at all, then one can rely on the answer given by one of the well-known revolutionaries, who, when answering a similar question, said where the forces of oppression come to maintain with themselves in a given situation peace is considered already broken." Is dit AZAPO se siening soos u dit verstaan?-- Die persoon praat van sy eie opinie.

HOF : Ja, maar ek begryp dit nou nie heeltemal nie. Is hierdie nie ŉ stuk wat amptelik deur AZAPO versprei is nie? -- Met hierdie dokument is AZAPO is hier besig om die insameling van toesprake bymekaar te maak wat by verskillende geleenthede gemaak was. Dit wil sê by een kongres bymekaar te bring.

As AZAPO dit dan publiseer en die wêreld instuur, kan ŉ mens seker aanvaar dit is amptelike AZAPO stukke? -- Ek stem volkome saam dat dit eintlik versamel was deur AZAPO en toe bymekaar gemaak was deur AZAPO, maar AZAPO het sy eie beleid en AZAPO het sy grondwet. By die kongres van AZAPO kry ŉ mens verskillende sprekers wat hulle idees uitdruk op ŉ sekere onderwerp wat gegee is. Dit beteken dus dat die nie alles is wat deur enige spreker daar gesê word dat dit nou die beleid is van AZAPO nie.

MNR. FICK : Maar as AZAPO dit self versprei of in ŉ boekvorm wat uitkom, dan sal u nie saamstem dat AZAPO nie afgeskrik is deur wat hier gesê is nie. Hy stem saam, hy wil dit te kenne gee aan die wêreld buite? -- Nee, dit is net om bekend te maak aan die leser van die dokument wat bymekaar gebring is as gevolg van die toesprake wat gemaak was dat daar

sulke/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sulke toesprake gemaak was by hierdie geleentheid. Dit is ŉ bekende feit dat die beleid wat eintlik bindend kan wees aan die organisasie, is dit wat bekom word deur resolusies wat dan besluite word. Nie sommer van ŉ gewone toespraak nie.

Kan ek u dan nou net verwys na dieselfde dokument, die opskrif is "Foreword." Voorwoord. Daar sal u sien "The desire and the hope of the executive committee of the Azanian People's Organisation, that the papers put together in this publication, the resolutions emanating from the congress, will serve as a ray of light in this hour of political gloom in the country." Wat sê u? -- U moet dit so verstaan as hulle hier praat van "the ray of light in this hour of political gloom", praat hulle hier van die toesprake wat daar gelewer was by daardie huidige oomblik, het betrekking op dit wat daar bespreek word by daardie geleentheid.

En dan op dieselfde bladsy "This publication is an expression of the determination to be heard in the inhospitable world. It is not an unsalable contribution, but a peace which is hoped shall foster some considerable amount of discussion and revolutionary reflection among those who love Azania, its offspring and its destiny." Dan sal u verder sien op dieselfde bladsy nog steeds, die laaste paragraaf "We dedicate these pages to those who have already paid the ultimate price in the cause." -- Wat u nou net pas gelees het in die voorwoord, sê dat dit is dokumente wat bymekaar is om aan te dui wat bespreek word en wat verwag word en wat nog bespreek sal moet word of besluit word in die toekoms. Hier praat hulle van die "political situation

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in the country." Dit beteken dus dat dit wat hier bevat word, is besig om sekere dinge te bespreek wat nog aandag moet geniet. Ek sal nie sê dit is die beleid van AZAPO nie, maar ek sal bereid wees om vir die Hof te sê dat dit is beskou as die beleid van AZAPO, want AZAPO het toegelaat dat die persoon toesprake kom lewer. Wat ek daarby bedoel is dat die beleid van AZAPO is dat AZAPO dit toelaat dat persone hulle idees kom uitspreek.

Dit is mos nou eintlik 'n halwe waarheid wat u nou praat. AZAPO het die goed dan self loop opstel in 'n boekvorm ook? -- Ek erken dit, dat dit wel deur AZAPO gevind was, maar dit was met die oog daarop dat dit bekend gemaak moet word aan die lesers wat die mense gesê het wat sprekers was by die kongres van AZAPO.

HOF : Wie is Munthu Myeza? -- In die jaar 1984 was hy die publisiteitsekretaris.

En hier in 1983? -- In 1983 as ek reg is was hy die sekretaris gewees, die algemene sekretaris. Wat ek verder kan verduidelik met betrekking tot Munthu Myeza is dat op hierdie kongres waarna verwys word in hierdie dokument, het hy nog nie op die "executive" gedien nie. Dit is waar hy gekies was om op die "executive" te dien. Dit is as ek nie verkeerd is nie.

MNR. FICK : Bladsy 7 van daardie dokument.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Gaan u nou weg van die voorwoord af?

MNR. FICK : Ek gaan weg van die voorwoord af.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan u miskien net kyk na daardie laaste paragraaf van die voorwoord. Wat word bedoel by die sinsnede wat sê "We dedicate these pages to those who have

already/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

already paid the ultimate price in the cause." Na wie word hier verwys "to all who have selflessly taken over from those who have fallen"? Na wie word verwys waar dit sê "the ultimate price in the cause" en "those who have fallen"? -- 'n Voorbeeld wat ek het is Steve Biko.

En nog? -- En nog baie andere wie ek nie van weet nie wat net soos hy dood is.

MNR. FICK : En ook die opgeleide terroriste wat die land inkom wat dan in skermutselinge geskiet word? -- Ek sal dit 'n bietjie moeilik vind om hulle ook daar in te sluit, maar al kan ek dit in gedagte hou dat die persone beëindig ook dit wat hulle s'n is tydens hulle dood as gevolg van die apartheid.

Is u seker dit is die mense wat daarby ingesluit is? Hierdie opgeleide terroriste is nie ingesluit in hierdie paragraaf nie? -- Nee, ek weet nie. Wat ek hier van praat en wat in my gedagte kom as gevolg van wat hier gesê word, is die enigste persoon wat presies sal weet wat hy daarmee bedoel die spreker.

Nee, hierdie is die voorwoord van AZAPO. -- Die skrywer.

U moet kyk na die heel laaste bladsy van daardie bewysstuk.

HOF : U bedoel die lys name?

MNR. FICK : Die lys name in die laaste paragraaf. "List of former Robben Island prisoners." As u nou na hierdie name kyk, is dit nie vir u duidelik dat hierdie "former", hierdie wat geval het in die stryd, is onder andere die terroriste ook nie?

HOF : Nee, ek weet nie of dit so duidelik is nie, want hierdie manne "were all given an ovasion and a hero's welcome."

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit is nie in die ander wêreld nie.

MNR. FICK : Nee, dit is nie in daardie verband nie. Ek wil aan die hand doen dit is dieselfde tipe mens wat agter ŉ "hero's welcome" kry en as ŉ mens na daardie lys kyk van name, wil ek aan die hand doen dit is wat hier bedoel word in hierdie voorwoord waar hulle verwys na die terroriste, saboteurs, persone wat dood is -- Ek weet nie hoe vergelyk u dit nie, want die persone wie se name hier verskyn, is mense wat verwelkom was by AZAPO se kongres wat later lede geword het van AZAPO. Hoe u hulle nou in bring by die terroriste wat u na verwys wat oorlede is, kan ek nie verstaan nie.

Kom ons gaan na bladsy 7 toe. Hierdie paragraaf wat ek vir u gelees het. Ek lees net die onderste deel "If the question of peaceful means has been answered at all, then one can rely on the answer given by one of the well-known revolutionaries who, when answering a similar question, said that the forces of oppression come to maintain themselves in a given situation, peace is considered already broken." Wat verstaan u daar onder? Wat word gesê? -- Die persoon hierso praat van plekke soos John Vorster en Compol Building. Hy noem die plekke as "dens of human suffering."

Nadat u nou vir my hierdie antwoord gegee het op die stuk wat ek gelees het, wat verstaan u daaronder? -- Die persoon hierso praat van die mense wat weet dat hulle betrokke is in ŉ organisasie wat vreedsaam is en nou wil hulle verneem van die ander mense hoe kan julle vir ons vra of ons vreedsaam is, welwetende dat ons vreedsaam is?

Die antwoord wat hier gegee word "Where the forces of oppression come to maintain themselves in a given

situation/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

situation, peace is considered already broken", stem u saam dat AZAPO sien die regering as "forces of oppression"? -- Wat is die vraag? Sê AZAPO die regering is die regering van "oppression"?

Stem u saam die regering, volgens AZAPO, is "the force of oppression"? -- Dit wat besig is om apartheid te bevorder, ja.

Die regering? Direk vra ek vir jou, die regering? Is dit so? -- As die regering diegene is wat apartheid maak, sal ek saamstem.

HOF : Maak die regering apartheid? -- Ja, ek stem saam, dit is die goewerment.

MNR. FICK : Nou waarom kon u dit nie in die eerste instansie gesê het nie? -- Nee, dit is omdat ek nie die vraag van u mooi verstaan het nie.

Wat word hier gesê as ek hier lees in die plek van "forces of oppression, where the government come to maintain themselves in a given situation, peace is considered already broken", wat verstaan u daaronder? -- Maar ek het aan u verduidelik dat die persoon praat van sy eie siening met verwysing na die plekke soos John Vorster Square en Compol Building.

Ek stel dit aan u met hierdie stuk wil AZAPO oordra dat die blote feit dat die regering self probeer handhaaf, is klaar 'n aanduiding dat daar nie meer sprake van vrede kan wees nie? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Is dit nie so dat hier word gesuggereer dat geweld in die stryd teen die regering is reg nie? Geweld teen die regering is geregverdig in die vryheidstryd nie? -- Nee, dit is nie so nie. Dit word nie so in hierdie dokument

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesê nie en AZAPO het nog nooit verander van sy beleid nie en AZAPO sê nie so nie en AZAPO is nog steeds op hierdie huidige oomblik 'n wettige organisasie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe moet die gemiddelde mens dit verstaan? Die gemiddelde mens wat hierdie ding lees, hoe moet hy dit verstaan? -- Hy sal hierdie ding deeglik moet lees en goed lees om te verstaan.

MNR. FICK : Maar word die afleiding wat die Staat wens te maak dat hier geweld gesuggereer word, dat geweld geregverdig is in die vryheidstryd, nie bevestig deur die volgende paragraaf as u verder lees ook nie "When you consider the method and direction towards the attainment of our liberation, focus most be brought to veer on the areas which outhear our strength, those which diminish our efforts. We must realise that we are not dealing with a static situation. The oppressors are constantly trying to absorb, divert our efforts. It spares no effort, money or time, even in embarking on clandestine cloak and dagger actions which cannot bear even a cursery moral scrutiny. Consequently, the revolutionary of today must learn to fly without perching, because the enemy has learnt to shoot without missing." -- Beslis nie, dit is nie wat dit beteken nie. Daardie woord wat daar gebruik is sê "fly without perching." Dit beteken om weg te hardloop. As ek die hele paragraaf lees, kry ek die indruk dat die persoon maak dit duidelik hoe moeilik dit is en maak dit ook duidelik dat as daar iets is wat 'n mens moet doen ter bevordering van die stryd, sal die persoon dit moet doen met die oog op die bevordering van die stryd. Dit wil sê 'n mens sal wat ook al doen wat nodig is ter bevordering van die stryd in die sin dat hy die diskresie sal moet

gebruik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebruik.

Ek sal terugkom by u antwoord oor wat nodig is by ŉ latere dokument, maar kom ons maak net hierdie dokument klaar. Op bladsy 14 van dieselfde dokument die middelste paragraaf "In our own good time, when we have completed our unfinished task of creating a self-sufficient and unshakeable revolutionary consciousness and bone to the weapons - hound the weapons of freedom that we have forged through our own resources, we will attend to the White problem. Until then we say Whites and their supporters, if you continue to toy with the oppressed masses, you must expect severe repercussions." Wat verstaan u onder die laaste deel "until we say - until then we say Whites and their supporters, if you continue to toy with the oppressed masses, you must expect severe repercussions."?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is uit "The address to the conference by Satch Cooper"?

MNR. FICK : Dit is nog in dieselfde dokument. Ek is jammer, ek moes dit beter geïdentifiseer het. Dit is ŉ toespraak van Satch Cooper. -- Dit is ŉ toespraak wat die persoon maak en u praat nou van "severe repercussions". Ek weet nou nie wat die vraag is nie. Wil u weet wat is "severe repercussions"?

Wat is hier bedoel, wat verstaan u, wat is "severe repercussions"? -- Die spreker maak nie ŉ verduideliking daarvan nie. Wat ek wel kan sien hierso is, die persoon praat van die program van die vereniging van Swartmense. Wat ek hier verstaan is dat die persoon se toespraak is dat hulle nog besig is met die aandag op die vereniging van die Swartmense. Dit beteken dus dat die Witmense nie moet

haastig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

haastig wees nie. Hulle sal aandag geniet en as hulle haastig is, die "severe repercussions" wat na verwys word, soos ek dit verstaan, is hulle sal nie ingesluit word in die regering van diė Swartmense nie. Wat beteken die Witpersoon sal teleur gestel word om daar op te daag met die oog daarop dat hy aanvaar gaan word by hierdie regering, as hy aanvaar word in die algemeen, nie in die regering nie, dat hy vind dat hy nie aanvaar is nie.

Net duidelikheidshalwe, op hierdie stadium toe hierdie toespraak gemaak is deur mnr. Cooper, wat was hy toe gewees (10) in AZAPO? -- Ek weet nie. Soos ek sê, ek was nie by hierdie kongres teenwoordig nie, maar wat ek wel van bewus is is dat hy 'n vise-president was. Dit was gedurende die jaar 1983 na hierdie kongres. Sover as wat my kennis strek was hy nie in die "executive" van 1982 nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 20 MEI 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017